DIE BURGER

Soek frase
Webwerf Foto's Argiewe Netads Soek

Selfoon-nuus
Maak Die Burger jou tuisblad
Stuur jou foto’s en video aan ons

Die naweek se Super14-uitslae
13/02/2009 02:39:35 PM - (SA)
Vind die uitslae van die naweek se Super14-wedstryde.
Super14-bepalings

WEER » Kaapstad 18º / 25º | Worcester 16º / 31º | George 17º / 27º | Port Elizabeth 20º / 26º

Stuur enige kommentaar, stories, foto's of wenke aan web@dieburger.com

TUIS | NUUS | SPORT | OOS-KAAP | SUID-KAAP | VIDEO | FOTO'S | SAKE24 | OPINIE | BRIEWE | BLOGS
BUITELAND | VERMAAK | BOEKE | SPOTPRENT | PEILINGS | NETNAWEEK | MOTORS | STYL | REIS | BY
LANDBOU | VERKIESING 2009 | FOTO-KOMPETISIE | WÊRELDBEKER 2010 | VIND: MOTORS | POSTE | EIENDOM

VERSEKERING
Spaar by **OUTsurance**. Kliek hier vir huisinhoud-, besigheids- en motorversekering.

Nuus

Resessie ‘sal nie ontwikkeling van wêreld se grootste teleskoop fnuik’

ELSABE BRITS
26/02/2009 09:48:59 PM - (SA)

Kaapstad. - Die ekonomiese resessie sal nie die ontwikkeling van die wêreld se grootste teleskoop, die SKA (Square Kilometre Array), wat ’n belegging van meer as €150 miljard (sowat R1 896 miljard) verteenwoordig, in gevaar stel nie.

Die SKA-forum, bestaande uit navorsers, beleggers en die regerings van Suid-Afrika en Australië wat beide in die wedloop is om die teleskoop te huisves, het die afgelope twee weke in Kaapstad vergader om die vordering van die tegnologie om die teleskoop te ontwikkel, te bespreek. Die ekonomiese krisis het ook ter sprake gekom. Die forum het in ’n verklaring gesê die ekonomie sal nie die teleskoop in gedrang bring nie en sal inteendeel ’n ongekende kans bied om in noodsaaklike wetenskap-infrastruktuur en kundigheid te belê.

Sprekers het beklemtoon die lande wat in die toekoms belê is die lande wat wat die vinnigste van ekonomiese druk herstel.

Dr. Bernie Fanaroff, projekleier van SKA in Suid-Afrika, het gesê die teleskoop bied ’n geleentheid om op ’n nuwe manier na tegnologie te kyk.

“Teleskope kyk na baie swak seine en verskuif die grense van tegnologie. Dit lei gereeld tot die ontwikkeling van nuwe tegnologie, wat later lei tot innovasies en produkte wat gekommersialiseer word – dinge wat ons nie in dié stadium kan voorspel nie.”

SKA sal die wêreld se kragtigste en vinnigste rekenaar vereis. Volgens dr. Bruce Elmegreen van IBM in die VSA sal die rekenaar se vermoë gelyk wees aan al die mense op die planeet wat gelyktydig ’n miljard berekeninge per sekonde op dieselfde oomblik doen.

Dit sal ’n ware “tydmasjien” wees wat so fyn sal kan waarneem – tot ver terug in die vroeë heelal – met behulp van sy duisende radioskottels wat saam radiogolwe opspoor.

Die fondament van een van die eerste sewe radioteleskoop-skottels (KAT-7) wat deel sal wees van MeerKAT is reeds gele op die terrein buite Carnavon. Dit is Suid-Afrika se padvinder-projek in die wedloop om die SKA (Square Kilometre Array) hier te huisves. **Foto:** VERSKAF

SOORTGELYKE ARTIKELS
Geen soortgelyke artikels

SOORTGELYKE MULTIMEDIA
Geen multimedia

SOORTGELYKE BLOG
Geen blogs

Prof. John Womersley van die Wetenskap en Tegnologiefasiliteit-raad in Brittanje het gesê die vinnigste manier om uit ’n ekonomiese dillema te kom, is om wetenskaplik te ontwikkel en dit vereis ’n wetenskaplik opgeleide arbeidsmag.

Daar is al 19 lande en 55 navorsingsinstellings by SKA betrokke, en dit sal vermeerder.

Die eerste fase van Suid-Afrika se padvinder-radio-astronomieprojek MeerKAT is onderweg met die oprigting van die eerste sewe radioskottels buite Carnarvon.

In dié fase, wat bekend staan as KAT-7, sal die eerste radio-astronomie-skottels in April op die terrein verskyn.

Eindelik sal die voltooide MeerKAT in 2012 met sy 80 skottels 12 m hoog staan. Voordat dit kan gebeur, sal studies oor radio-frekwensiestoornis, infra-struktuur en koste gedoen word.

Mnr. Mosibudi Mangena, Suid-Afrika se minister van wetenskap en tegnologie, het egter vandeesweek weer die land se amptelike steun aan die projek gegee.

MeerKAT is as Suid-Afrika se padvinderprojek in ’n wedloop teen Australië om uiteindelik die wêreld se grootste teleskoop met sy duisende skottels en antennas op ’n terrein langs MeerKAT te huisves. Suid-Afrika hoop om teen 2012 te hoor of hy of Australië die reuse-SKA sal huisves met sy duisende radioskottels en plat antennas wat in die kern sal wees.

Teken in op Die Burger

EPOS DRUK

Praat saam
SMS jou mening na 31067
SMS kos 50c vir Vodacom en Cell C, 78c vir MTN

VIND
Reis & Verblyf

Die Burger, ligdag op jou voorstoep

VALENTYN-FOTOKOMPETISIE: GALERY 12

Die Valentyn-fotokompetisie het Saterdag (28 Februarie) gesluit. Die wenner word op 6 Maart aangekondig. Kyk na die laaste galerye.
Besoek die blad

LEEFSTYL SOEK MOOISTE BRUIDSPAAR

Onthou, as jy nie inskryf nie, het jy nie ’n kans nie en loop jy groot pryse mis. Dit sluit kookware, ’n bederf, ’n naweek weg en ander pryse in.
Skryf in

464 dae tot afskop 2010

Lees hier alles oor 2010
kliek hier

VIND
Reis & Verblyf
Kontantlenings
Beligting
Eiendomsbelegging
Wegbreeknaweek
Musiekinstrumente
3 boeke vanaf R10 elk
Eiendomme te huur
Leerprodukte
Buitelewe

- Kontantlenings
- Beligting
- Eiendomsbelegging
- Wegbreeknaweek
- Musiekinstrumente
- 3 boeke vanaf R10 elk
- Eiendomme te huur
- Leerprodukte
- Buitelewe
- Werksgeleenthede
- Gesondheids- produkte
- Eiendomme te koop

TEKEN IN

ONS BEVEEL AAN

netNaweek.com
Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor flieks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na netNaweek.com om te registreer.

Absa selfoon versekering
Lae premies vir selfoon dekking. Verseker U foon nou teen diefstal! www.absa.co.za
Ads door Google

- Werksgeleenthede
- Gesondheids-produkte
- Eiendomme te koop

NETADS24

Soek ‘n advertensie

- Algemeen
- Loopbane
- Motors
- Eiendomme

SOEK

DIE BURGER gratis epos nuusbrief
TEKEN IN

VIND OU SKOOLVRIENDE

Kies jou skool se provinsie:

Kies

En klik op die eerste letter van jou skool:

ABCDEFGHIJKLMN

OPQRSTUVWXYZ

ONS BEVEEL AAN

netNaweek.com
Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor flieks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na netNaweek.com om te registreer.

Kontak ons | Navrae | Teken in op ons nuusbrief | Vrae oor registrasie | Adverteer | gebruikersooreenkoms | RSS

online publishers association member